(e) Check level readings shall be taken at six monthly intervals or such shorter intervals as the Government Mining Engineer may deem necessary. The results of the levelling shall be signed by the appointed mine surveyor and submitted annually to the office of the Inspector of Mines.

(f) The limits of error allowed in the forward and return levelling between any two levelling survey stations mentioned in this regulation shall not exceed $\sqrt{10,0}$ Skm mm where Skm is the distance between these stations in kilometres. Should the Government Mining Engineer require precise level monitoring the limits of error allowed shall not exceed $\sqrt{2,0}$ Skm mm except that where the distance between any two stations is less than 100 metres the difference shall not exceed 0,8 mm."

3. Chapter 7 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the substitution for regulation 7.10.2 of the following regulation:

"7.10.2 The surveyor shall inform the manager in writing when the face of a working is being advanced within or is being advanced to come within—

(a) 30 metres of any excavation; or

(b) 30 metres of any place on the surface where there may be an accumulation of water; or

(c) 100 metres of any boundary of the mine."; and

(b) by the substitution for regulation 7.10.3 of the following regulation:

"7.10.3:

(a) Where any excavation contains or is likely to contain a dangerous accumulation of water or noxious or inflammable gas, or where there is a dangerous accumulation of water at such place on the surface, the manager shall by notice in writing inform the surveyor to that effect.

(b) Where notice by the surveyor has been given that a face of a working has advanced within 100 metres of the boundary of the mine, the manager shall obtain all the relevant information concerning the surface and underground operations of any adjoining mine within a radius of at least 100 metres of the position where the boundary is most likely to be reached by the face of the working. No person responsible for, or in possession of such information, shall refuse to provide the information requested.".

4. Chapter 12 of the Regulations is hereby substituted by the following Chapter:

"CHAPTER 12

MINE SURVEYING

Definitions

12.1 For the purpose of the regulations under this Chapter—

"prescribed plan" means any plan, vertical section or vertical projection;

(e) Kontrolenivelleer-lesings moet sesmaandliks of met sodanige korter tussenposes as wat die Staatsmyningenieur nodig mag ag, geneem word. Die resultate van die nivellering moet deur die aangestelde mynopmeter onderteken en jaarliks by die kantoor van die Inspekteur van Myne ingedien word.

(f) Die toegelate foutgrense in die heen en weer nivellering tussen enige twee nivelleeropmeetstasies in hierdie regulasie genoem, mag nie $\sqrt{10,0}$ Skm mm oorskry nie, waar Skm die afstand in kilometer tussen hulle is. Indien die Staatsmyningenieur presiese nivelleer kontrole vereis, sal die foutgrense nie $\sqrt{2,0}$ Skm mm oorskry nie, behalwe dat waar die afstand tussen enige twee stasies minder as 100 meter is, mag die verskil nie groter as 0,8 mm wees nie.".

3. Hoofstuk 7 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur regulasie 7.10.2 met die volgende regulasie te vervang:

"7.10.2 Die opmeter moet die bestuurder skriftelik daarvan verwittig wanneer die werksfront van 'n delfplek vooruitgedryf word binne of vooruitgedryf word om te kom binne—

(a) 30 meter van enige ander delfplek; of

(b) 30 meter van enige plek aan die oppervlakte waar daar 'n opdamming van water mag wees; of

(c) 100 meter van enige grenslyn van die myn."; en

(b) deur regulasie 7.10.3 met die volgende regulasie te vervang:

"7.10.3:

(a) Waar enige delfplek, 'n gevaarlike opdamming van water of skadelike of ontvlambare gas bevat of waarskynlik kan bevat of waar daar 'n gevaarlike opdamming van water op die oppervlak by sodanige plek is, moet die bestuurder die opmeter skriftelik daarvan verwittig.

(b) Sodra die opmeter kennis gegee het dat 'n werkfront van 'n delfplek tot binne 100 meter van die grens van die myn vooruitgedryf is, moet die bestuurder alle tersaaklike inligting betreffende die oppervlak en ondergrondse werksaamhede van die aangrensende myn wat binne 'n straal van ten minste 100 meter val van die punt waar die grens die waarskynlikste deur die front van die delfplek bereik sal word, verkry. Geen persoon wat verantwoordelik is vir, of in besit van daardie inligting mag weier om dit te verstrek nie.".

4. Hoofstuk 12 van die Regulasies word hierby deur die volgende hoofstuk vervang:

"HOOFSTUK 12

MYNOPMETING

Definisies

12.1 By die toepassing van die regulasies kragtens hierdie Hoofstuk beteken—

"voorgeskrewe plan" enige plan, vertikale deursnee of vertikale projeksie;

"survey station" means any point that has been surveyed within the limits of error prescribed in regulation 12.2.7;

"survey point" means any easily identifiable point located by surveying, other than a survey station;

"bedded ore body" means any reef, lode, mineralbed or fissure which occurs conformably within it's country rock and is not of a massive nature.

Mine surveys

12.2.1 All workings, objects and the relevant features required on any prescribed plan, shall be shown as plotted from actual survey observations. The manager shall ensure that the surveyor is at all times aware of all workings which are being advanced and of any new structures which are erected or alterations to any surface structures or objects that require protection against mining in terms of regulation 5.3.1 and 5.3.2.

Survey system

12.2.2 All mine surveys shall be based on the national trigonometrical survey system of the farm or farms on which the mining property is situated. The origin may however be changed to reduce the numerical values of co-ordinates.

Linear unit for mine surveys

12.2.3 In all mine surveys measurements shall be made in metres.

Survey stations

12.2.4 Sufficient survey stations shall be established on surface and in the workings so that all surface objects and all the workings can be surveyed. Every survey station shall be marked with a number in such manner that it can be readily distinguished and this number shall be clearly shown in the survey notes and calculations.

Datum plane

12.2.5 On any one mine all elevations determined above or below ground shall refer to a common datum plane, which shall be either mean sea level, or 1828,797 metres above mean sea level.

Bench mark

12.2.6 On every mine a fixed permanent bench mark shall be established and clearly marked. Should there be no suitable structure one shall be built for this purpose.

Limits of error

12.2.7 The following are the limits of the allowable error in any mine survey:

12.2.7.1 The length of the line joining the positions of any survey station as determined by the beginning and closing of a transverse shall not exceed 0,1 per cent of the length of such traverse.

12.2.7.2 The error in distance between any two survey stations of a traverse, shall not exceed 0,1 per cent of the true distance.

12.2.7.3 The rror in direction of a line between any two consecutive survey stations of a traverse shall not exceed two minutes of arc.

12.2.7.4 The error in level between any two survey stations shall not exceed 0,02 per cent of the distance between them.

"opmeetstasie" enige punt wat opgemeet is binne die foutgrense wat in regulasie 12.2.7 voorgeskryf word;

"opmeetpunt" enige maklik uitkenbare punt wat deur opmeetwerk vasgestel is, behalwe 'n opmeetstasie;

"gelaagde ertsliggaam" enige rif, ertsaar, delfstoflaag of spleet wat konkordant binne sy eie newegesteente voorkom en nie van 'n massiewe aard is nie.

Mynopmetings

12.2.1 Alle delfplekke, voorwerpe en verwante kenmerke wat op enige voorgeskrewe plan vereis word, moet aangedui word soos van werklike opmeetwaarnemings af gestip. Die bestuurder moet verseker dat die opmeter te alle tye kennis dra van alle delfplekke wat vooruitgedryf word en van enige nuwe strukture wat opgerig is of veranderings wat aangebring is aan enige oppervlakstrukture of -voorwerpe wat beskerming teen mynbou kragtens regulasies 5.3.1 en 5.3.2 vereis.

Opmeetstelsel

12.2.2 Alle mynopmetings moet op die nasionale trigonometriese opmeetstelsel van die plaas of plase waarop die myneiendom geleë is, gebaseer word. Die oorsprong mag egter verander word om die numerieke waardes van koördinate te verminder.

Lineêre eenheid vir mynopmetings

12.2.3 In alle mynopmetingswerk moet metings in meter gedoen word.

Opmeetstasies

12.2.4 'n Voldoende aantal opmeetstasies moet bogronds opgerig en in die werkerye aangebring word sodat al die voorwerpe op die oppervlak en al die delfplekke opgemeet kan word. Elke opmeetstasie moet met 'n nommer op so 'n wyse gemerk word dat dit maklik uitgeken kan word; hierdie nommer moet duidelik in die opmeetnotas en -berekenings gewys word.

Uitgangsvlak

12.2.5 Op enige enkele myn sal alle hoogtes wat boen ondergronds bepaal word na 'n gemeenskaplike uitgangsvlak verwys, wat òf gemiddelde seevlak òf 1828,797 meter bo gemiddelde seevlak sal wees.

Hoogtemerk

12.2.6 By elke myn moet 'n vaste permanente hoogtemerk aangebring en duidelik gemerk word. Indien daar geen geskikte struktuur daarvoor is nie, moet een vir die doel gebou word.

Foutgrense

12.2.7 Die volgende is die foutgrense wat in elke mynopmeting toelaatbaar is:

12.2.7.1 Die lengte van die lyn wat die posisies van enige opmeetstasie verbind, soos vasgestel deur die begin en sluiting van 'n trekmeting mag hoogstens 0,1 persent van die lengte van sodanige trekmeting wees.

12.2.7.2 Die fout in afstand tussen enige twee opmeetstasies van 'n trekmeting, mag hoogstens 0,1 persent van die ware afstand wees.

12.2.7.3 Die fout in die rigting van 'n lyn tussen enige twee opeenvolgende opmeetstasies van 'n trekmeting mag hoogstens twee boogminute wees.

12.2.7.4 Die fout in hoogteverskil tussen enige twee opmeetstasies mag hoogstens 0,02 persent van die afstand tussen hulle wees.

12.2.7.5 In the case of survey stations which have for their object the fixing of boundary beacons, the position of shafts to be sunk and the establishment of connections, the limits of error laid down for Class C surveys of the Land Survey Act, 1927 (Act No. 9 of 1927), as amended, shall apply.

Plans to be kept up to date

12.2.8 All survey work and the representation thereof on plan shall at all times be correct to within at most three months from date.

Check survey

12.3 The Government Mining Engineer may, where he deems it necessary, cause a check survey to be made by a certificated mine surveyor. The cost of such survey shall be borne by the owner of the mine where it is proved that any error in the survey or in the plans constructed as the result of the survey exceeds the limits of error laid down in these regulations.

Survey records

12.4 Records of survey field notes, calculations, and a peg index register shall be kept at every mine.

Survey field notes

12.4.1 Except as provided for in regulation 12.4.3 all essential detail concerning survey field work shall be entered in note books. The observations with the accompanying sketches together with the dates thereof and the name of the surveyor shall be entered legibly therein. Special attention shall be given to geological features such as faults, dykes, reefs, lodes, mineral beds and types of country rock. In cases where observations are recorded electronically a printout of such observations must be kept. Where the surface plans called for in terms of regulation 12.7.1, 12.7.2 and 12.7.3 have been constructed, or brought up to date by aerial photography methods, a full set of diapositives together with their relevant photo copies shall be kept as survey field records. Such records shall be filed in durable hard cover files and propertly cross referenced with the relevant mine plan sheet(s).

Survey calculations

12.4.2 All calculations and results deduced from observations in respect of survey stations shall be entered legibly in a calculation book. In cases where calculations are made by means of a computer a printout of such calculations and results shall be kept or a duplicate of such records shall be preserved on microfilm or on magnetic tape or disc or other permanent electronic medium.

Binding of printouts

12.4.3 Where field observations are recorded electronically or calculations are done by means of a computer loose leaf printouts in respect of such field observations and calculations shall be bound in durable hard cover files. The number of sheets in each cover shall not exceed two hundred and shall be exact multiples of 50.

12.2.7.5 In die geval van opmeetstasies wat aangebring word vir die vasstelling van grensbakens, posisies van skagte wat gesink word en verbindings wat gegrawe moet word, moet die foutgrense soos vasgestel vir klas C opmetings in die Landmeet Wet, 1927 (Wet No. 9 van 1927), soos gewysig, van toepassing wees.

Planne wat op datum bygehou moet word

12.2.8 Alle opmeetwerk en die verteenwoordiging daarvan op plan moet te alle tye tot binne hoogstens drie maande vanaf datum korrek wees.

Kontrole-opmeting

12.3 Die Staatsmyningenieur kan, waar hy dit nodig ag, 'n kontrole-opmeting deur 'n gediplomeerde mynopmeter laat uitvoer. Die koste van sodanige opmeting moet deur die eienaar van die myn gedra word waar daar bewys word dat enige fout in die opmeting of in die planne wat as gevolg van die opmeting geteken is, die foutgrense wat in hierdie regulasies vasgestel word, oorskry.

Opmeetrekords

12.4 Rekords van opmeetnotas, -berekenings en 'n penindeksregister moet by elke myn gehou word.

Opmeetnotas

12.4.1 Tensy soos bepaal in regulasie 12.4.3 moet alle noodsaaklike besonderhede aangaande opmeetwerk in notaboeke ingeskryf word. Die waarnemings met bygaande sketse en die datum waarop die opmeting gedoen is, tesame met die naam van die opmeter moet leesbaar daarin geskryf word. Spesiale aandag moet aan geologiese kenmerke soos verskuiwings, gesteentegange, riwwe, ertsare, delfstoflae en soorte newegesteentes gegee word. In gevalle waar waarnemings elektronies aangeteken word moet 'n drukstuk van sodanige waarnemings gehou word. Waar die oppervlakplanne wat kragtens regulasies 12.7.1, 12.7.2 en 12.7.3 vereis word, deur middel van lugfotometodes opgestel is of bygehou word, moet 'n volledige stel diapositiewes tesame met die fotokopieë daarvan, as opmeetveldrekords gehou word. Sodanige rekords moet in duursame hardebandomslae geliasseer word en behoorlik na die verwante mynplanvel(le) kruisverwys word.

Opmeetberekenings

12.4.2 Alle berekeninge en resultate wat van waarnemings ten opsigte van opmeetstasies afgelei is, moet leesbaar in 'n rekenboek ingeskryf word. In gevalle waar berekeninge deur middel van 'n rekenaar geskied, moet 'n drukstuk daarvan gehou word of 'n duplikaat van sulke resultate moet op mikrofilm of op magnetiese band of -skyf of ander permanente elektroniese medium bewaar word.

Inbind van drukstukke

12.4.3 Waar opmeetnotas elektronies opgeneem word of waar berekeninge deur middel van 'n rekenaar geskied moet los blad drukstukke van sulke opmeetnotas en berekeninge in duursame hardeband omslae gebind word. Die aantal velle in elke omslag mag nie twee honderd oorskry nie en moet in veelvoude van 50 wees.

Peg index register

12.4.4 The numbers of all survey stations in numerical order, together with the locality, co-ordinates, elevation and reference to the relevant calculation book, of each station, shall be entred in tabular form in a peg index register. In the case of a traverse the back reference survey station number shall also be shown. Where calculations are bound in numerical order of the numbers of the survey stations the keeping of a peg index register shall not be necessary.

Cross-reference

12.4.5 The survey field notes and calculations shall be cross-referenced in such a manner that reference from field notes to the relevant calculations and vice versa can be easily and quickly made.

Reference of name of mine

12.4.6 Each book or cover mentioned in this regulation shall bear the name of the mine and on the spine thereof the identification number alloted by the Government Mining Engineer.

Colours and conventional signs

12.5 Colours and conventional signs as shown in either the Second or Third Schedule to the regulations and dated 1969 and 1989 respectively together with the following detailed provisions shall be observed in the drawing of all prescribed plans and all copies referred to in regulation 12.10.

Sheets comprising plans

12.5.1 A plan may consist of more than one sheet provided that common transfer lines are shown and suitable cross-reference is made on adjoining sheets. All details which are required to be shown in terms of these regulations which fall within the area covered by a particular sheet shall be shown on that sheet.

Material and size of plans

12.5.1.1 Plans shall be drawn on good quality transparent draughting material with a thickness of not less than 0,12 mm and the overall sheet size of the plans for all mines commencing operations after the date of this amendment shall be 1 189 mm by 841 mm (AO size International Standards Organization).

Large properties

12.5.1.2 Where a property is so large that it would be unduly onerous to construct plans as detailed in regulations 12.7 and 12.8 it shall be sufficient to construct plans of the areas where the surface equipment and the mine workings occur and all areas where surface objects which require protection against mining in terms of regulations 5.3.1 and 5.3.2 are situated.

Scale of plans

12.5.1.3 The plans called for in terms of regulation 12.7 and 12.8 shall be drawn to a scale of 1:1 500 in the case of coal mines and to 1:1 000 in the case of all other mines. The geological section plans called for in terms of regulation 12.9 may be drawn to any standard natural scale not smaller than 1:5 000 and the block plan called for in terms of regulation 12.8.4 may be drawn to any standard natural scale not smaller than 1:2 500.

Penindeksregister

12.4.4 Die nommers, in numerieke volgorde, van alle opmeetstasies, tesame met die plek, koördinate, hoogte en verwysing na die betrokke rekenboek van elke stasie, moet in tabelvorm in 'n penindeksregister geskryf word. In die geval van 'n roetepeiling moet die nommer van die opmeetstasie waarna terug verwys is ook gewys word. Waar alle berekeninge in numerieke volgorde van die nommer van die opmeetstasies gebind word, is die hou van 'n penindeksregister nie nodig nie.

Kruisverwysing

12.4.5 Die opmeetnotas en berekeninge moet op so 'n wyse kruisverwys word dat verwysings van die opmeetnotas na die betrokke berekeninge en omgekeerd, maklik en vinnig gedoen kan word.

Kennommer en naam van die myn

12.4.6 Elke boek of omslag in hierdie regulasies genoem, moet die naam van die myn, en op die rugkant daarvan die kennommer wat deur die Staatsmyningenieur toegeken is, dra.

Kleure en gebruiklike tekens

12.5 Kleure en gebruiklike tekens soos, òf in die Tweede òf in die Derde Bylaes van hierdie regulasies aangetoon, en onderskeidelik gedateer 1969 en 1987 tesame met die volgende breedvoerige bepalings, moet by die teken van alle voorgeskrewe planne en alle kopieë bedoel in regulasie 12.10, gebruik word.

Velle waaruit die plan bestaan

12.5.1 'n Plan mag uit meer as een vel bestaan solank daar gemeenskaplike oordraglyne gewys word en toepaslike kruisverwysing na aangrensende velle gemaak word. Alle besonderhede wat kragtens hierdie regulasies vereis word en wat binne die gebied van enige vel voorkom, moet op daardie spesifieke vel gewys word.

Materiaal en grootte van planne

12.5.1.1 Planne moet op deurskynende tekenmateriaal van goeie gehalte, met 'n dikte van nie minder as 0,12 mm nie, geteken word, en 'n vel met 'n totale grootte van 1 189 mm by 841 mm (AO grootte—Internasionale Standaarde Organisasie), moet op alle myne wat werkerye na die datum van hierdie wysiging begin het, gebruik word.

Groot eiendomme

12.5.1.2 Waar 'n eiendom so groot is dat dit uitermate moeilik sal wees om planne te teken soos regulasies 12.7 en 12.8 vereis, is dit voldoende om slegs planne te teken van die dele waarop die oppervlaktoerusting en die delfplekke voorkom, en al die dele waarop oppervlakvoorwerpe geleë is wat kragtens regulasies 5.3.1 en 5.3.2, teen mynbou beskerm moet word.

Skaal van planne

12.5.1.3 Die planne soos vereis kragtens regulasies 12.7 en 12.8 moet volgens 'n skaal van 1:1 500 in die geval van steenkoolmyne, en 1:1 000 in die geval van enige ander myn geteken word. Die geologiese snitplanne soos vereis kragtens regulasie 12.9 mag op enige standaard skaal, nie kleiner as 1:5 000 nie, geteken word en die blokplan soos vereis kragtens regulasie 12.8.4 mag op enige standaard natuurlike skaal, nie kleiner as 1:2 500 nie, geteken word.

Details on every sheet

12.5.2 The following shall appear on every sheet comprising a prescribed plan, with the exception of the geological plan and plans of vertical sections which shall exclude the requirements called for in regulations 12.5.2.6, 12.5.2.7 and 12.5.2.10:

12.5.2.1 A subject heading which shall consist of the name of the mine, the name of the plan, the name of the reef, lode or mineral bed and the magisterial district.

12.5.2.2 Successive signatures of the surveyor as required in terms of regulation 2.12.8 against the relevant dates.

12.5.2.3 An identification number allotted by the Government Mining Engineer.

12.5.2.4 A full description of the bench mark, its co-ordinates and elevation with reference to the datum plane.

12.5.2.5 The survey system and the co-ordinates of the origin used.

12.5.2.6 A north point.

12.5.2.7 An accurately drawn scale, the proportions of which shall be indicated in metres.

12.5.2.8 A legend illustrating a portion of the workings in the colour assigned to the relevant reef, lode or mineral bed and any signs and colours which are not provided for in these regulations.

12.5.2.9 An inset key plan drawn to any convenient scale, showing the area covered by the relevant sheet in relation to the other sheets, the mine boundaries and the farm names and boundaries.

12.5.2.10 Co-ordinate lines indicated by lines not more than 200 mm apart with numerical values at both ends of the lines.

Accurate representation on plan

12.5.3 The error in representation on plan of any point shall not exceed 0,1 per cent of the denominator of the scale of the plan in addition to the allowable error at the nearest survey Station. Where the difficulties incidental to the accurate representation of any workings on a plan are such that the mine surveyor cannot accept responsibility for their accuracy within the limits laid down, such workings shall be indicated by broken lines in the colour applicable. An explanatory note shall be written near such broken lines giving the reasons why accurate measurements could not be made.

Survey stations

12.5.4 A survey station shall be indicated by a small circle together with its identification number in the same colour as the outlines of the workings.

Elevations

12.5.5 The elevation of a survey station shall be shown in black figures.

Second Schedule

12.5.6 The following shall apply in cases where the Second Schedule is used:

Distinctive colours—workings

12.5.6.1 A distinctive colour shall be assigned to every reef, lode or mineral bed worked.

Besonderhede op elke vel

12.5.2 Met die uitsondering van die geologiese plan en planne van vertikale deursneë, waar die bepalings van regulasies 12.5.2.6, 12.5.2.7 en 12.5.2.10 uitgesluit is, moet die volgende op elke vel waaruit 'n voorgeskrewe plan bestaan, voorkom:

12.5.2.1 'n Opskrif wat bestaan uit die naam van die myn, die naam van die plan, die naam van die rif, ertsaar of delfstoflaag en die landdrosdistrik.

12.5.2.2 Agtereenvolgende handtekeninge van die opmeter soos vereis kragtens regulasie 2.12.8, teenoor die betrokke datums.

12.5.2.3 'n Kennommer deur die Staatsmyningenieur toegewys.

12.5.2.4 'n Volledige beskrywing van die hoogtemerk, sy koördinate en hoogte met verwysing na die uitgangsvlak.

12.5.2.5 Die opmeetstelsel en die koördinate van die oorsprong wat gebruik word.

12.5.2.6 'n Noordpunt.

12.5.2.7 'n Presies getekende skaal, waarvan die onderverdelings in meter aangedui moet wees.

12.5.2.8 'n Legende wat 'n gedeelte van die delfplekke in die kleur toegewys aan die betrokke rif, ertsaar of delfstoflaag toon, asook enige tekens en kleure wat nie in hierdie regulasies beskryf word nie.

12.5.2.9 'n Insetsleutelplan volgens enige gerieflike skaal geteken wat die gebied wat deur die betrokke vel bedek word, in verhouding tot die ander velle aantoon, asook die myngrense en die plaasname en -grense.

12.5.2.10 Koördinaatlyne aangedui deur lyne, hoogstens 200 mm van mekaar met die numerieke waardes aan albei ente van die lyne geskryf.

Presiese voorstelling op plan

12.5.3 Die fout in voorstelling op 'n plan van enige punt mag, benewens die toelaatbare fout by die naaste opmeetstasie, nie 0,1 persent van die noemer van die skaal van die plan oorskry nie. Waar die moeilikhede verbonde aan die juiste voorstelling van enige delfplekke op 'n plan van so 'n aard is dat die mynopmeter nie verantwoordelikheid vir die juistheid daarvan binne die vasgestelde perke kan aanvaar nie, moet sulke delfplekke met gebroke lyne in die toepaslike kleur aangedui word. 'n Verduidelikende nota moet naby die gebroke lyne geskryf word wat redes aanvoer waarom daar nie presiese opmetings geneem kon word nie.

Opmeetstasies

12.5.4 'n Opmeetstasie moet deur 'n klein sirkel tesame met sy kennommer in dieselfde kleur as die buitelyne van die delfplekke aangedui word.

Hoogtes

12.5.5 Die hoogte van 'n opmeetstasie moet met swart syfers gewys word.

Tweede Bylae

12.5.6 Die volgende moet van toepassing wees in gevalle waar die Tweede Bylae in gebruik is:

Kenmerkende kleure—delfplekke

12.5.6.1 'n Kenmerkende kleur moet toegeken word aan elke rif, ertsaar of delfstoflaag wat gewerk word.

Outlines, names and numbers

12.5.6.2 The outlines and the names or numbers of all workings on a particular reef, lode or mineral bed shall be shown in the colour assigned to that reef, lode or mineral bed.

12.5.6.3 The outlines and the names or numbers of all workings in country rock shall be shown in black.

12.5.6.4 In the case of bord and pillar working a narrow border of a colour chosen for each quarterly measurement shall be shown along the inside of the outlines.

Dates of measurement

12.5.6.5 The date of measurement shall be shown on the excavated side of the outline, in the case of bord and pillar working in the same colour as the narrow border of the colour chosen for that quarter and in the case of stoping, in the same colour as the outline. For main development the date of measurement shall be written opposite the position which the tunnel has attained and in the same colour as the outline.

Shafts and winzes

12.5.6.6 The collar of very shaft or winze shall be indicated in black outlines according to its shape and each compartment shall be coloured in the conventional manner. The name or number and collar elevation shall be shown in black and, where applicable the inclination by means of an arrow and degrees in black.

Stoping and stooping

12.5.6.7 Every stoped, stooped and longwalled area shall be indicated by regular hatching in the same colour as the outlines of the workings.

Top or bottom coaling

12.5.6.8 Where top coaling or bottom coaling was carried out, such removal shall be indicated by diagonally hatching in the colour assigned to the seam, in the one direction for top coaling and in another direction normal thereto for bottom coaling.

Heights of workings

12.5.6.9 The heights of workings or stoping widths, sufficient to be representative of the workings, shall be shown in black figures inside a black rectangle.

Surface contours

12.5.6.10 Surface contours shall be shown at regular vertical intervals sufficiently close so that, with the aid of elevations in the workings, the depth below surface at any point in the workings can be determined. The contour values shall be shown in black figures.

Depth contours

12.5.6.11 The depth contours below surface together with their values in metres suffixed with the letters B.S. shall be shown by prominent lines in the colour assigned to the reef, lode or mineral bed.

Buitelyne, name of nommers

12.5.6.2 Die buitelyne en die name of nommers van alle delfplekke op 'n besondere rif, ertsaar of delfstoflaag moet in die kleur wat aan daardie rif, ertsaar of delfstoflaag toegeken is, aangedui word.

12.5.6.3 Die buitelyne en die name of nommers van alle delfplekke in newegesteente moet in swart aangedui word.

12.5.6.4 In die geval van pilaarmynbou moet 'n smal rand van 'n kleur wat vir elke kwartaallikse meting gekies word, langs en aan die binnekant van die buitelyne gewys word.

Opmeetdatums

12.5.6.5 Die opmeetdatum moet aan die uitgrawingskant van die buitelyn gewys word, in die geval van pilaarmynbou, in dieselfde kleur as die smal rand van die kleur wat vir daardie kwartaal gekies is en in die geval van afbouwerk, in dieselfde kleur as die buitelyn. Vir hoofonsluiting moet die opmeetdatum teenoor die plek ingeskryf word wat die tonnel bereik het, in dieselfde kleur as die buitelyn.

Skagte en daalgange

12.5.6.6 Die kraag van elke skag of daalgang moet met swart buitelyne aangedui word ooreenkomstig sy vorm en elke kompartement moet op die gebruiklike wyse ingekleur word. Die naam of nommer en kraaghoogte moet in swart gewys word, en waar dit van toepassing is, die helling deur middel van 'n pyl en grade in swart.

Afbouwerk en uithaal van pilare

12.5.6.7 Elke gebied wat afgebou is, en waar pilaarsloping en strookafbouing gedoen is, moet aangedui word deur reëlmatige arsering in dieselfde kleur as die buitelyne van die delfplekke.

Verwydering van boonste of onderste steenkool

12.5.6.8 Waar bo- of onder steenkool verwyder is, moet sodanige verwydering deur diagonale arsering in die kleur wat aan die laag toegeken is aangedui word, in een rigting vir boonste steenkool en in 'n ander rigting wat normaal daaraan is vir onderste steenkool.

Hoogtes van delfplekke

12.5.6.9 Die hoogtes van delfplekke of afboudiktes, voldoende om verteenwoordigend van die delfplekke te wees, moet met swart syfers binne 'n swart reghoek aangedui word.

Oppervlakkontoere

12.5.6.10 Oppervlakkontoere moet met reëlmatige vertikale tussenpose geteken word na genoeg aanmekaar sodat, met behulp van hoogtes in die delfplekke, die diepte onderkant die oppervlak by enige punt in die delfplekke vasgestel kan word. Die kontoerwaardes moet met swart syfers aangedui word.

Dieptekontoere

12.5.6.11 Die dieptekontoere benede die oppervlakte, tesame met die waardes in meter, met die letters B.O. agtergevoeg moet met duidelike lyne in die kleur wat aan die rif, ertsaar of delfstoflaag toegeken is, aangetoon word.

Outcrops

12.5.6.12 The outcrop of a mineral or dyke shall be shown by broken black lines to indicate, where possible the upper and the lower face-trace. Where the outcrop plots very narrow only the lower face-trace need be shown. The direction and degree of dip shall be shown in black and the kind of mineral or dyke by a narrow border in the colour provided for in regulation 12.5.6.15.

Faults and dykes

12.5.6.13 The strike of a fault plane shall be indicated by means of a black line and the direction and angle of dip by an arrow and degrees in black.

Both face-traces of dykes shall be indicated in the same manner as fault planes. The space between the lines shall be shown as indicated in the Second Schedule.

Lines indicating sections and plans of workings

12.5.6.14 The planes of sections or the planes of plans of working shall be shown by lines and letters as indicated in the Second Schedule.

Strata

12.5.6.15 In geological sections the limits of the different strata shall be shown by broken lines extending away from the position where the strata is observed. A distinctive colour or method of indication shall be chosen for each rock or mineral and shall be shown in the legend.

Third Schedule

12.5.7 The following shall apply in cases where the Third Schedule is used:

Features not provided for

12.5.7.1 All features which are not provided for in the Third Schedule shall be indicated by a suitable method which shall be shown in the legend.

Date of measurement

12.5.7.2 The date of measurement shall be shown on the excavated side of the outline of the workings. For main development the date of measurement shall be written opposite the position the tunnel has reached.

Shafts and winzes

12.5.7.3 The collar of every shaft or winze shall be indicated by its outline and each compartment shall be shaded in the conventional manner. The name or number, depth and collar elevation shall be shown and where applicable the inclination by means of an arrow and degrees.

Stoping and stooping

12.5.7.4 Every stoped, stooped and long walled area shall be indicated by regular hatching.

Top or bottom coaling

12.5.7.5 Where top coaling or bottom coaling is carried out such removal shall be indicated by diagonal hatching, in one direction for top coaling and in another direction normal thereto for bottom coaling.

Dagsome

12.5.6.12 Die dagsoom van 'n delfstof of 'n gesteentegang moet met gebroke swart lyne aangetoon word om, waar moontlik die boonste en die onderste kontakspoor aan te dui. Waar die dagsoom baie smal op 'n plan voorkom, hoef slegs die onderste kontakspoor getoon te word. Die rigting en hellingshoek moet in swart aangedui word en die soort delfstof of gesteentegange deur 'n smal rand in die kleur wat deur regulasie 12.5.6.15 bepaal word.

Verskuiwings en gesteentegange

12.5.6.13 Die strekking van 'n verskuiwingsvlak moet met 'n swart lyn aangedui word en die rigting en hellingshoek met 'n pyl en grade in swart.

Albei kontakspore van gesteentegange moet op dieselfde wyse as verskuiwingsvlakke aangedui word. Die ruimte tussen die lyne moet gewys word soos in die Tweede Bylae aangedui.

Lyne wat deursneë en planne van delfplekke aandui

12.5.6.14 Die vlakke van deursneë of die vlakke van planne van delfplekke moet deur middel van lyne en letters gewys word soos in die Tweede Bylae aangedui.

Strata

12.5.6.15 In geologiese snitte moet die perke van die verskillende strata met gebroke lyne aangedui word wat wegstrek vanaf die plekke waar die strata opgemerk word. 'n Kenmerkende kleur of metode van aanduiding moet vir elke soort rots of mineraal gekies word en moet in die legende verklaar word.

Derde Bylae

12.5.7 Die volgende moet van toepassing wees in gevalle waar die Derde Bylae in gebruik is:

Kenmerke waarvoor nie voorsiening gemaak is nie

12.5.7.1 Alle kenmerke waarvoor nie in die Derde Bylae voorsiening gemaak is nie, moet aangedui word deur 'n geskikte metode wat in die legende verklaar moet word.

Opmeetdatum

12.5.7.2 Die opmeetdatum moet aan die uitgrawingskant van die buitelyn van die delfplekke gewys word. Vir hoofontsluiting moet die opmeetdatum teenoor die plek ingeskryf word wat die tonnel bereik het.

Skagte en daalgange

12.5.7.3 Die kraag van elke skag of daalgang moet met sy buitelyne aangedui word en elke kompartement moet op die gebruiklike wyse ingekleur word. Die naam of nommer, diepte en kraaghoogte moet gewys word en waar van toepassing, die helling deur middel van 'n pyl en grade.

Afbouwerk en pilaarsloping

12.5.7.4 Elke gebied wat afgebou is, sowel as dié waar pilaarsloping gedoen is, moet deur reëlmatige arsering aangedui word.

Verwydering van boonste of onderste steenkool

12.5.7.5 Waar bo- of onder steenkool verwyder word, moet sodanige verwydering deur diagonale arsering in een rigting vir boonste steenkool en 'n ander rigting wat normaal daaraan is vir onderste steenkool, aangedui word.

Heights of workings

12.5.7.6 The heights of workings or stoping widths, sufficient to be representative of the workings, shall be shown in figures inside a rectangle.

Surface contours

12.5.7.7 Surface contours with their values shall be shown at regular vertical intervals sufficiently close so that, with the aid of elevations in the workings, the depth below surface at any point in the workings can be determined.

Depth contours

12.5.7.8 Where applicable the depth contours below surface shall be shown together with their values in metres suffixed with the letters B.S.

Outcrops

12.5.7.9 The outcrop of a reef, lode or mineral bed shall be shown by broken lines to indicate, where possible, the upper and the lower face-trace. Where the outcrop plots very narrow only the lower face-trace need be shown. The direction and angle of dip shall be shown by an arrow and degrees.Each reef, lode on mineral bed shall be shown by a method which shall be indicated in the legend.

Faults and dykes

12.5.7.10 The strike of a fault plane shall be indicated by means of a line and the direction and angle of dip by an arrow and degrees. Both face traces of dykes shall be indicated in the same manner as strike and dip fault planes. The space between the lines shall be shown as indicated in the Third Schedule.

Lines indicating sections and plans of workings

12.5.7.11 The planes of sections or the planes of plans of workings shall be indicated by means of lines and letters.

Plans and inventory to be kept at the mine

12.6 Prescribed plans, relevant to that mine, shall be kept at the mine. An inventory showing details of all prescribed plans, survey records called for in terms of regulation 12.4 as well as all copies called for in terms of regulation 12.10 shall be kept at the mine in a place of safekeeping which shall be fireproof.

Plans to be kept

12.7 At every mine:

Surface plan

12.7.1 A plan of the surface shall be kept, showing the boundaries of the mining property, the names of adjacent mining properties, the bench mark, the outcrops and dip of the reefs or other mineral or alluvial deposits, the depth contours of the underground workings of the uppermost reef, lode or mineral bed at 30 metre vertical intervals below surface to a depth of 240 metres, all perimeters of opencast workings, shaft openings, subsidences or cavities resulting from mining operations, restricted mining areas, buildings, explosive magazines, reservoirs, dams, tailings and waste dumps, public road and railway reserves, mechanised haulage way, cable ways, electric power lines and pylons, electric cables with a voltage exceeding 2 kV feeding sub-station and main ventilation fans, main pipe lines, lines indicating

Hoogtes van delfplekke

12.5.7.6 Die hoogtes van die delfplekke of afboudiktes, voldoende om verteenwoordigend van die delfplekke te wees, moet met swart syfers binne 'n swart reghoek aangedui word.

Oppervlakkontoere

12.5.7.7 Oppervlakkontoere, tesame met hulle kontoerwaardes, moet met reëlmatige vertikale tussenpose gewys word, na genoeg aanmekaar, sodat met behulp van hoogtes in die delfplekke, die diepte benede die oppervlak by enige punt in die delfplekke vasgestel kan word.

Dieptekontoere

12.5.7.8 Waar van toepassing moet dieptekontoere benede die oppervlakte tesame met hulle waardes in meter met die letters B.O. agtergevoeg, gewys word.

Dagsome

12.5.7.9 Die dagsoom van 'n rif, ertsaar of 'n delfstoflaag moet met gebroke lyne gewys word om, waar moontlik, die boonste en die onderste kontakspoor aan te dui. Waar die dagsoom baie smal op 'n plan voorkom, hoef slegs die onderste kontakspoor gewys te word. Die rigting en hellingshoek moet deur middel van 'n pyl en grade aangedui word. Elke rif, ertsaar of delfstoflaag moet op 'n wyse wat in die legende verklaar word, aangetoon word.

Verskuiwings en gesteentegange

12.5.7.10 Die strekking van 'n verskuiwingsvlak moet met 'n lyn aangedui word en die rigting en hellingshoek met 'n pyl en grade. Albei kontakspore van gesteentegange moet op dieselfde wyse as verskuiwingsvlakke aangedui word. Die ruimte tussen die lyne moet gewys word soos in die Derde Bylae aangedui.

Lyne wat deursneë en planne van delfplekke aandui

12.5.7.11 Die vlakke van deursneë en die vlakke van planne van delfplekke moet deur middel van lyne en letters aangedui word.

Planne en inventaris moet by die myn bewaar word

12.6 Voorgeskrewe planne, wat betrekking op die myn het, moet by die myn bewaar word. 'n Inventaris wat besonderhede weergee van al die voorgeskrewe planne, alle kopieë vereis kragtens regulasie 12.10 asook die opmeetrekords kragtens regulasie 12.4 vereis, moet by die myn bewaar word op 'n veilige plek wat brandbestand moet wees.

Planne wat bygehou moet word

12.7 By elke myn:

Oppervlakplan

12.7.1 Moet 'n plan van die oppervlak bewaar word wat die grense van die myneiendom aandui, asook die name van aangrensende myneiendomme, die hoogtemerk, die dagsome en helling van die riwwe of ander delfstof—of alluviale afsettings, die dieptekontoere van die delfplekke op die boonste rif, ertsaar of delfstoflaag met vertikale tussenpose van 30 meter benede die oppervlak tot op 'n diepte van 240 meter, alle buitelyne van dagboudelfplekke, skagopenings, insakkings of holtes wat die gevolg van mynboubedrywighede is, beperkte mynbougebiede, geboue, springstofmagasyne, reservoirs, damme, uitskot- en afvalhope, publieke pad- en spoorwegreserwes, meganiese trekvervoerweë, kabelbane, elektriese kraglyne en maste, elektriese kabels met 'n spanning van meer as 2 kV wat substasies

planes of sections kept in terms of regulation 12.8.3.2 for opencast workings and every surface object with requires protection against mining in terms of regulations 5.3.1 and 5.3.2. Where the surface plans called for in terms of regulations 12.7.1, 12.7.2 and 12.7.3 have been constructed or updated by aerial photography methods, the photo control points must be shown on the surface contour plan called for in terms of regulation 12.7.2. The name of the aerial photography company and the date on which the aerial photos were taken must be shown in the title block of the plan.

Surface contour plan—Third Schedule

12.7.2 A surface contour plan shall be kept showing the farm boundaries, names of farms, original surface contours, boreholes and water courses, as well as the photo control points referred to in regulation 12.7.1. Where colours and conventional signs of the Second Schedule are used the detail required to be shown on the surface contour plan may be shown on the surface plan called for in terms of regulation 12.7.1.

Rehabilitation contour plan

12.7.3 Where rehabilitation of the surface has been conducted to the satisfaction of the Inspector of Mines in terms of regulation 2.11, read with regulations 5.12.2 and 5.13.3, an up to date plan showing the detail of such rehabilitation, new structures and features, demolition of structures and recontouring, shall be kept for handing in in terms of regulation 12.16.

Mining plans

12.8 At every mine:

Bedded orebody underground

12.8.1 Where a bedded orebody is worked underground a plan of the workings shall be kept showing the boundaries of the ground over which the mining rights are held, names of adjacent mining properties, outlines and dip of the underground workings, heights representative of workings, survey stations with their numbers and elevations, survey points, areas in which mining has been restricted or prohibited in terms of regulation 5.3.2 backfilling, waste packing and other permanent support at depths of less than 240 metres below surface, underground dams, underground explosives magazines, the outlines of areas where vertical projections are drawn, lines indicating the planes of sections, faults and dykes.

Vertical projection

12.8.1.1 Where the reef, lode or mineral bed or fissure has an average inclination to the horizontal of more than 60° a plan showing the vertical projection of the underground workings shall be kept showing the outlines of the workings, width of the workings, survey stations with their numbers and elevations, survey points, planes of plans of workings called for in terms of regulation 12.5.6.14, areas where mining has been restricted or prohibited in terms of regulation 5.3.2, underground dams, underground explosive magazines, faults and dykes.

en hoofventilasie waaiers voer, hoofpyplyne, lyne wat die vlakke van deursneë aandui vereis kragtens regulasie 12.8.3.2 vir dagboudelfplekke en elke voorwerp op die oppervlak wat kragtens regulasies 5.3.1 en 5.3.2 beskerm moet word. Waar die oppervlakplanne vereis kragtens regulasies 12.7.1, 12.7.2 en 12.7.3 deur lugfotografiese metodes opgestel is of bygehou word, moet die foto-kontrolepunte op die oppervlakkontoerplan, vereis kragtens regulasie 12.7.2 gewys word. Die naam van die lugfotografiemaatskappy en die datum waarop die lugfotos geneem is moet in die titelblok van die plan aangedui word.

Oppervlakkontoerplan—Derde Bylae

12.7.2 Moet 'n oppervlakkontoerplan gehou word wat die plaasgrense aandui, asook die name van plase, oorspronklike oppervlakkontoere, boorgate en waterlope tesame met die fotokontrolepunte waarna in regulasie 12.7.1 verwys word. Waar kleure en gebruiklike tekens van die Tweede Bylae gebruik word, mag die besonderhede wat op die oppervlakkontoerplan verlang word, op die plan wat kragtens regulasie 12.7.1 vereis word, aangedui word.

Rehabilitasie—kontoerplan

12.7.3 Waar rehabilitasie van die oppervlak tot bevrediging van die Inspekteur van Myne, kragtens regulasie 2.11, gelees met regulasie 5.12.2 en 5.13.3, uitgevoer is, moet 'n plan wat die besonderhede van sodanige rehabilitasie, nuwe strukture en kenmerke, sloping van strukture en herkontoering aandui, bygehou word vir inhandiging ingevolge regulasie 12.16.

Mynbouplanne

12.8 By elke myn:

Gelaagde ertsliggaam ondergronds

12.8.1 Waar 'n gelaagde ertsliggaam ondergronds ontgin word, moet 'n plan gehou word, wat die grense van die gebied waaroor mynregte gehou word, aandui asook die name van aangrensende myneiendomme, buitelyne en hellingshoek van die ondergrondse delfplekke, verteenwoordigende hoogtes van die delfplekke, opmeetstasies tesame met hulle nommers en hoogtes, opmeetpunte, gebiede waarin mynbouwerk kragtens regulasie 5.3.2 beperk of verbode is, terugvullings, afvalstapeling en ander permanente bestutting op dieptes van minder as 240 meter benede oppervlakte, ondergrondse damme, ondergrondse springstofmagasyne, die buitelyne van gebiede waarvoor vertikale projeksies geteken word, lyne wat die vlakke van deursneë aandui, verskuiwings en gesteentegange.

Vertikale projeksie

12.8.1.1 Waar die rif, ertsaar of delfstoflaag of spleet 'n gemiddelde helling van meer as 60° met die horistontaal het, moet 'n vertikale projeksie van die ondergrondse delfplekke bygehou word wat die buitelyne van die delfplekke aandui, asook wydte van delfplekke, opmeetstasies met nommers en hoogte, opmeet punte, vlakke van planne van delfplekke aangevra kragtens regulasie 12.5.6.14, gebiede waarin mynbouwerk kragtens regulasie 5.3.2 beperk of verbode is, ondergrondse damme, ondergrondse springstofmagasyne, verskuiwings en gesteentegange.

Multiple ore bodies and reclamation

12.8.1.2 Where different reefs, lodes, mineral beds or fissures overlie each other, or, are worked a second or successive time on a reclamation basis, the workings of each reef, lode, mineral bed or fissure shall be shown on a separate plan. In the case where reclamation occurs the area swept and the tunnels used for access shall also be shown. These plans shall be prominently cross-reference with the underground plans.

Bedded opencast mines grid pattern data

12.8.2 Where a bedded orebody is worked by opencast methods there shall be shown on the surface plan called for in terms of regulation 12.7.1 sufficient data regarding the thickness and elevation of every coal seam or mineral bed worked in a suitable grid pattern in such a way that details of the quantity and formation of the ground extracted may be obtained. As an alternative to the grid pattern data vertical sections as detailed in regulation 12.8.3.2 may be kept.

Massive or irregular: Underground and opencast

12.8.3 Where a massive or irregular ore body is worked underground or by opencast methods there shall be kept:

Level plans: Underground or opencast

12.8.3.1 Plans showing the workings at suitably chosen elevations so that by means thereof an estimate of ground extracted may be obtained. These plans shall show the elevation to which each plan refers, the outlines of all the workings, survey stations with their numbers and elevations, survey points, the distinction between mineral deposit and country rock, faults, dykes, areas in which mining has been restricted or prohibited in terms of regulation 5.3.2, explosives magazines and lines indicating the planes of sections and in the case of.

Vertical section plans: Underground or opencast

12.8.3.2 Where a massive or irregular ore body is worked by opencast means the plans referred to in regulation 12.8.3.1 may be replaced by plans showing vertical sections, sufficient in number and suitably chosen through the workings so that by means thereof an estimate of the ground extracted may be obtained. These sections shall also show the detail required in terms of regulation 12.8.3.1 which are relevant. These vertical section plans may also be kept to augment the plans referred to in regulation 12.8.3.1 provided that together the plans of all levels and the vertical sections will permit an estimate of the ground extracted to be made.

Veelvoudige ertsliggame en reklamasie

12.8.1.2 Waar verskillende riwwe, ertsare, delfstoflae of splete mekaar oorvleuel, of vir 'n tweede of daaropvolgende keer op 'n reklamasie basis gewerk word, moet die delfplekke op elke rif, ertsaar, delfstoflaag of spleet op 'n afsonderlike plan gewys word. In die geval waar reklamasie voorkom moet die oppervlak gevee en die toegangstonnels ook aangedui word. Hierdie planne moet prominent kruisverwys word met die ondergrondse planne.

Gelaagde dagboumyne—ruitpatroon inligting

12.8.2 Waar 'n gelaagde ertsliggaam deur middel van dagboumetodes ontgin word, moet daar op die oppervlakplan, vereis kragtens regulasie 12.7.1, genoegsame inligting met betrekking tot die dikte en hoogte van elke steenkool- of mineraallaag, wat op 'n geskikte ruitpatroon ontgin word, weergee word sodat besonderhede van die hoeveelheid en formasie van die grond wat verwyder is, verkry kan word. As 'n alternatief vir die ruitpatrooninligting, mag vertikale deursneë soos in regulasie 12.8.3.2 uiteengesit, gehou word.

Massief of onreëlmatig: Ondergronds en dagbou

12.8.3 Waar 'n massiewe of onreëlmatige ertsliggaam ondergronds of deur dagboumetodes ontgin word, moet die volgende bygehou word:

Vlakplanne: Ondergronds of dagbou

12.8.3.1 Planne wat die delfplekke op geskik gekose hoogtes aandui, sodat deur middel daarvan 'n beraming van die grond wat verwyder is, gemaak kan word. Hierdie planne moet die hoogte waarna elke plan verwys, aandui, asook die buitelyne van alle delfplekke, opmeetstasies tesame met hulle nommers en hoogtes, opmeetpunte, die onderskeid tussen ertsliggaam en newegesteente, verskuiwings, gesteentegange, gebiede waarin mynbouwerk kragtens regulasie 5.3.2 beperk of verbode is, springstofmagasyne en lyne wat die vlakke van deursneë aandui, en terugvullings in die geval van ondergrondse delfplekke, afvalstapeling, permanente bestutting en ondergrondse damme. Eweneens in die geval van ondergrondse delfplekke moet planne opgestel word van elke vlak.

Vertikale deursneëplanne: Ondergronds of dagbou

12.8.3.2 Waar 'n massiewe of onreëlmatige ertsliggaam deur dagboumetodes ontgin word, mag die planne waarna in regulasie 12.8.3.1 verwys word, vervang word met planne wat vertikale deursneë, voldoende in aantal en in geskikte posisies deur die delfplekke, aandui, sodat deur middel daarvan 'n beraming van die grond wat verwyder is, verkry kan word. Hierdie deursneë moet ook die toepaslike besonderhede, wat kragtens regulasie 12.8.3.1 vereis word, aandui. Hierdie deursneëplanne mag ook bygehou word as bykomstig tot die planne waarna in regulasie 12.8.3.1 verwys word, met dien verstande dat saam met die planne van alle vlakke en die vertikale deursneë 'n beraming van die grond wat verwyder is, gemaak kan word.

Ore Reserve Block plan

12.8.4 At every mine where a precious metal is mined, in addition to the requirements of Regulation 12.7, a block plan shall be kept for each reef, lode, fissure or mineral bed. The block plan shall show the position, block reference number, extent, and unadjusted block value of each block together with the block width over the area exposed by mining. In the unblocked areas the unadjusted sampling value of all development stretches and/or stope faces shall be shown. A tabulation of all blocks, in 0,1 gram per ton categories, showing the block reference number with its area in square metres, tonnage, unadjusted block value and block width and contents (grams) shall be shown in descending value order, with progressive totals in a schedule which shall accompany the block plan. The appointed mine surveyor shall also be responsible for this schedule which must be signed by him.

Geological sections

12.9 At every mine plans showing vertical sections through the mine shall be kept. These sections shall be sufficiently numerous and suitably chosen through the mine to indicate the surface in relation to the workings, the geological strata and the dislocations and the intrusions encountered from the surface downwards. In cases where vertical section plans are kept in terms of regulation 12.8.3.2 it will be sufficient to depict the geological data called for above on suitably chosen sheets of such vertical sections.

Departmental copies

12.10 The manager shall deposit at the office of the Inspector of Mines a true copy of every prescribed plan except the block plan and rehabilitation plan required in terms of regulations 12.7.3 and 12.8.4. These copies shall consist of good quality transparent draughting material of thickness not less than 0,08 mm but shall otherwise conform to all the requirements which apply to the original plans.

A paper print of the ore reserve block plan and a copy of the schedule called for in terms of regulation 12.8.4 shall be deposited annually at the office of the Government Mining Engineer.

Updating, return and delivery

12.10.1 The manager shall ensure that the copies referred to in regulation 12.10 are returned to the mine, updated and redeposited at the office of the Inspector of Mines at intervals not exceeding 12 months. The copies shall not be away from the custody of the Inspector of Mines for more than 60 days in any one year.

Liability

12.11 The manager or owner of a mine who fails to keep plans as prescribed in these regulations or neglects to deposit with the Inspector of Mines the true copies required in terms of regulation 12.10 or withholds any portion of a stututory plan or conceals any part of the workings shall be guilty of an offence. The Government Mining Engineer may cause such plan or plans to be made at the expense of the owner of the mine.

Unsatisfactory plans

12.12 In the event of any of the prescribed plans or copies being in the opinion of the Inspector of Mines unsatisfactory, a new plan or copy shall be made on his demand.

Ertsreserweblokplan

12.8.4 By elke myn waar 'n edelmetaal gemyn word, moet, bo en behalwe die vereistes van Regulasie 12.7, 'n blokplan vir elke rif, ertsaar, spleet of delfstoflaag gehou word. Die blokplan moet die posisie van elke blok aantoon, asook die verwysingsnommer van die blok, grootte, onaangepaste blokwaarde van elke blok saam met die blokwydte oor die gebied wat deur mynbou blootgelê is. In die ongeblokte gebiede moet die onaangepaste monsterwaarde van alle ontsluitingstroke en/of afboufronte gewys word. 'n Tabel van alle blokke, in 0,1 gram per ton kategorieë wat die verwysingsnommer van die blok aantoon, asook sy grootte in vierkante meter, tonnemaat, onaangepaste blokwaarde en wydte, en inhoud (gram) moet in afnemende waardes met progressiewe totale in 'n bylae wat die blokpan vergesel, aangetoon word. Die aangestelde mynopmeter sal ook vir hierdie bylae verantwoordelik wees en dit moet deur hom onderteken word.

Geologiese snitte

12.9 By elke myn moet planne van vertikale deursneë deur die myn bygehou word. Daar moet genoegsaam van hierdie deursneë wees en die posisies moet geskik geskies word om verteenwoordigend van die geologiese formasies te wees. Dit moet die geologiese strata, die verplasings en intrusies wat van die oppervlak afwaarts teëgekom is, aandui in verhouding tot die oppervlak en ondergrondse werkerye. In gevalle waar vertikale deursnee kragtens regulasie 12.8.3.2 bygehou word, sal dit voldoende wees om die geologiese inligting soos hierbo aangevra op geskikte velle van die vertikale deursneë in te skets.

Departementele kopieë

12.10 Die bestuurder moet 'n ware kopie van elke voorgeskrewe plan, uitgesluit die blokplan en rehabilitasie plan wat kragtens regulasies 12.7.3 en 12.8.4 vereis word, by die kantoor van die Inspekteur van Myne indien. Hierdie kopieë moet op deurskynende tekenmateriaal van goeie gehalte en 'n dikte van nie minder nie as 0,08 mm wees, maar moet andersins aan die vereistes wat vir die oorspronklike planne gestel is, voldoen.

'n Afdruk op papier van die ertsreserweblokplan en 'n kopie van die bylae vereis kragtens regulasie 12.8.4 moet jaarliks by die kantoor van die Staatsmyningenieur ingedien word.

Opdatering, terugbesorging en aflewering

12.10.1 Die bestuurder moet verseker dat die kopieë bedoel in regulasie 12.10 by die myn terugbesorg word, opgedateer en weer by die kantoor van die Inspekteur van Myne afgelewer word, met tussenpose van nie langer as 12 maande nie. Die kopieë moet nie uit bewaring van die Inspekteur van Myne vir langer as 60 dae in enige jaar wees nie.

Aanspreeklikheid

12.11 Die bestuurder of eienaar van 'n myn wat versuim om planne in hierdie regulasies voorgeskryf, te hou, of om ware kopieë kragtens regulasie 12.10 by die Inspekteur van Myne in te dien of enige deel van 'n statutêre mynplan terughou of enige deel van die delfplekke nie wys nie, is skuldig aan 'n misdryf. Die Staatsmyningenieur kan sodanige plan of planne op koste van die eienaar van die myn laat opstel.

Onbevredigende planne

12.12 Ingeval enigeen van die voorgeskrewe planne of kopieë na die mening van die Inspekteur van Myne onbevredigend is, moet 'n nuwe plan of kopie op sy versoek gemaak word.

Superseded plans

12.13 When a prescribed plan or the copy thereof is superseded the old plan and the new plan or copy shall be suitably endorsed. The old plan or copy shall be retained at the mine unless otherwise directed by the Inspector of Mines.

Plans confidential

12.14 No information concerning any prescribed plan or copy shall be given by the Department of Mineral and Engergy Affairs to any person not authorised in writing by the owner or manager of the mine nor shall such plans or copies be open to inspection by any unauthorised person.

Closing of mine—plans brought up to date

12.15 Before a mine or any part of a mine is abandoned, closed down or rendered inaccessible the prescribed plans and copies shall be brought up to date.

Plans and books handed in

12.16 Not more than 30 days after a mine is abandoned, closed down or rendered inaccessible all the prescribed plans and copies as well as the inventory called for in regulation 12.6 together with the peg index register and ore reserve schedule kept in terms of regulation 12.8.4. shall be handed in at the office of the Inspector of Mines. In cases where the peg index register is not kept separately as prescribed in regulation 12.4.4 the survey records, except for the field books, shall also be handed in."

5. Chapter 28 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the substitution for regulation 28.20.2 of the following regulation:

"28.20.2 The examination consists of two parts, namely:

Part A—Survey 1, Mining Economics 1, Mining Legislation, Geology and a Trial Survey.

Part B—Survey 2, Survey 3, Mathematics, and Mining Economics 2.

A candidate must pass Part A before writing Part B.";

(b) by the substitution for regulation 28.20.3 of the following regulation:

"Qualifications of candidate

28.20.3 An applicant shall not be accepted as a candidate for examination, unless he has produced evidence satisfactory to the Commission—

(a) of his sobriety and general conduct;

(b) that he has had at least three years practical experience in surveying acceptable to the Commission; at least one year of which shall be in the underground workings of a mine; and

(c) that he has academic qualifications as stipulated in the rules framed under regulation 28.6.";

(c) by the substituting in regulation 28.20.4 for the expression "mine valuation" of the expression "mining economics"; and

(d) by the substitution for the heading with the expression "Graduates" and by the substitution for regulation 28.20.5 of the following regulation:

Wanneer planne vervang word

12.13 Wanneer 'n voorgeskrewe plan of die kopie daarvan vervang word, moet 'n geskikte aantekening op die ou plan en die nuwe plan of kopie gemaak word. Die ou plan of kopie moet by die myn bewaar word tensy anders deur die Inspekteur van Myne gelas.

Planne is vertroulik

12.14 Geen inligting betreffende enige voorgeskrewe plan of kopie mag deur die Departement van Mineraal- en Energiesake aan enigiemand wat nie skriftelik deur die eienaar of bestuurder van die myn daartoe gemagtig is nie, gegee word nie, ook mag sodanige planne of kopieë nie vir inspeksie deur enige ongemagtigde persoon ter insae wees nie.

Sluiting van myn—planne tot op datum bygebring

12.15 Voordat 'n myn of enige deel van 'n myn verlaat, gesluit of ontoeganklik gemaak word, moet die voorgeskrewe planne en kopieë op datum bygebring word.

Planne en boeke moet ingelewer word

12.16 Hoogstens 30 dae nadat 'n myn verlaat, gesluit of ontoeganklik gemaak is, moet al die voorgeskrewe planne en kopieë tesame met die inventaris vereis kragtens regulasie 12.6 asook die penindeksregister en ertsreserwe bylae bygehou kragtens regulasie 12.8.4, by die kantoor van die Inspekteur van Myne ingehandig word. In gevalle waar die penindeksregister nie afsonderlik gehou word soos voorgeskryf kragtens regulasie 12.4.4 nie, moet die opmeetrekords, uitgesluit die opmeetnotaboeke, ook ingehandig word.".

5. Hoofstuk 28 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur regulasie 28.20.2 deur die volgende regulasie te vervang:

"28.20.2 die eksamen sal bestaan uit twee dele, naamlik:

Deel A.—Opmeetkunde 1, Mynbou-ekonomie 1, Mynbou-wetgewing, Geologie en 'n proefopmeting.

Deel B.—Opmeetkunde 2, Opmeetkunde 3, Wiskunde en Mynbou-ekonomie2.

Deel A moet geslaag word voordat Deel B geskryf kan word.";

(b) deur regulasie 28.20.3 deur die volgende regulasie te vervang:

"28.20.3 'n Applikant word nie as kandidaat vir 'n eksamen aangeneem nie, tensy hy tot tevredenheid van die Kommissie bewys gelewer het—

(a) dat hy nie oormatig, in drankgebruik is nie en in die algemeen van goeie gedrag is, en

(b) dat hy minstens drie jaar praktiese opmeetondervinding, wat vir die kommissie aanneemlik is en waarvan ten minste een jaar in die ondergrondse delfplekke van 'n myn was, gehad het, en

(c) dat hy oor akademiese kwalifikasies beskik soos uiteengesit in die reëls opgestel kragtens regulasie 28.6";

(c) deur in regulasie 28.20.4 die woord "mynwaardering" deur die woord "mynbou-ekonomie" te vervang; en

(d) deur die opskrif van regulasie 28.20.5 te vervang met "Gegradueerdes" en regulasie 28.20.5 deur die volgende regulasie te vervang:

"28.20.5 An applicant who can satisfy the Government Mining Engineer that he holds a University degree, recognised for the purpose by the Government Mining Engineer, shall be exempted from such part or subjects of the examination as the Government Mining Engineer may determine and shall be accepted as a candidate provided that—

(a) he qualifies for acceptance as a candidate in terms of regulation 28.20.3 (a);

(b) that he has had at least one years practical experience in underground surveying acceptable to the Commission; and

(c) that he submits an application bearing uncancelled revenue stamps to the value specified in regulation 28.10 for the whole of the examination.".

(2 June 1989)

NOTICE 566 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

TOWN COUNCIL OF BEDFORDVIEW

AMENDMENT TO LIBRARY BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), that the Bedfordview Town Council resolved to further amend the Standard Library By-Laws adopted under Administrator's Notice 912 dated 23 November 1966.

The general purport of the amendment is to make provision for the reservation of books, special requests, inter-library loans and tariffs relating hereto.

Copies of the proposed amendments are open for inspection in the office of the Town Clerk, Civic Centre, Bedfordview, for a period of 14 days from the date of publication of the notice in the *Government Gazette* to wit 2 June 1989.

Anyone who desires to record his objection to the proposed amendments must do so in writing to the undersigned not later than Friday, 16 June 1989.

A. J. KRUGER,
Town Clerk.

Civic Centre
3 Hawley Road
P.O. Box 3
BEDFORDVIEW
2008

(Notice 52/1989)
(2 June 1989)

NOTICE 567 OF 1989

WESTERN CAPE REGIONAL SERVICES COUNCIL

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967 (ACT No. 84 OF 1967)

It is hereby notified in terms of section 3 (6) of the above Act that the undermentioned application has been received by the Provincial Secretary and is open to inspection at Room 601, Property Centre, Dorp Street, Cape Town, and at the office of the Western Cape Regional Services Council, Room 1011, 44 Wale Street, Cape Town.

"28.20.5 'n Applikant wat die houer is van 'n universiteitsgraad wat deur die Staatsmyningenieur erken word sal vrygestel word van daardie gedeelte of vakke van die eksamen soos deur die Staatsmyningenieur bepaal, en sal as 'n kandidaat aangeneem word mits—

(a) hy kwalifiseer vir aanname as 'n kandidaat ingevolge regulasie 28.20.3 (a);

(b) hy minstens een jaar praktiese ondervinding het van ondergrondse opmeting wat vir die kommissie aanneemlik is; en

(c) hy 'n aansoek indien met onafgestempelde inkomsteseëls met 'n waarde soos aangegee in regulasie 28.10 vir die hele eksamen.".

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 566 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

STADSRAAD VAN BEDFORDVIEW

WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), bekendgemaak dat die Stadsraad van Bedfordview 'n besluit geneem het om die Standaard Biblioteekverordeninge soos afgekondig deur Administrateurskennisgewing 912 gedateer 23 November 1966, verder te wysig.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is om voorsiening te maak vir die reservering van boeke, spesiale versoeke, inter-biblioteekdienste en heffing van gelde in hierdie verband.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Stadsklerk, Burgersentrum, Bedfordview, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant* te wete vanaf 2 Junie 1989.

Enigeen wie beswaar teen bogemelde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik voor of op Vrydag, 16 Junie 1989, aan die ondergetekende rig.

A. J. KURGER,
Stadsklerk.

Burgersentrum
Hawleyweg 3
Posbus 3
BEDFORDVIEW
2008.

(Kennisgewing 52/1989)
(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 567 VAN 1989

WES-KAAPSE STREEKSDIENSTERAAD

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967 (WET No. 84 VAN 1967)

Kragtens artikel 3 (6) van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat onderstaande aansoek deur die Provinsiale Sekretaris ontvang is en ter insae lê by Kamer 601, Property Centre, Dorpstraat, Kaapstad, en in die kantoor van die Wes-Kaapse Streeksdiensteraad, Kamer 1011, Waalstraat 44, Kaapstad.

Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Chief Executive Officer, Western Cape Regional Services Council, P.O. Box 1073, Cape Town, on or before 26 June 1989, quoting the above Act and the objectors' erf number.

Applicant:

C. D. van Oudtshoorn and Mrs A. S. van Oudtshoorn.

Nature of application:

Removal of title conditions applicable to Erf 2347, Sunset Avenue, Hout Bay Township Extension 12, Hout Bay, Cape Division, to enable it to be subdivided into two portions.

C. H. MOCKE,
Chief Executive Officer.

44 Wale Street
CAPE TOWN

(Ref. 15/3/2/8/87)

(2 June 1989)

Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Hoof-Uitvoerende Beampte, Wes-Kaapse Streeksdiensteraad, Posbus 1073, Kaapstad, ingedien word voor of op 26 Junie 1989 met vermelding van bogenoemde Wet en die beswaarmaker se erfnommer.

Aansoeker:

C. D. van Oudtshoorn en Mev. A. S. van Oudtshoorn.

Aard van aansoek:

Opheffing van titelvoorwaardes van toepassing op Erf 2347, Sunsetlaan, Houtbaai-dorpsuitbreiding 12, Houtbaai, afdeling Kaap, sodat dit in twee gedeeltes onderverdeel kan word.

C. H. MOCKE,
Hoof-Uitvoerende Beampte.

Waalstraat 44
KAAPSTAD

(Verwysing 15/3/2/8/87)

(2 Junie 1989)

NOTICE 568 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

ERF 949, HARTENBOS STRAND TOWNSHIP EXTENSION 1, HARTENBOS

It is hereby notified in terms of section 2 (1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly, has approved that condition B (iii) (b) in Deed of Transfer T49746/1986 be removed.

(2 June 1989)

KENNISGEWING 568 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

ERF 949, HARTENBOSSTRAND-DORPSUITBREIDING 1, HARTENBOS

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel (2) (1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad, goedgekeur het dat voorwaarde B (iii) (b) in Akte van Transport T49746/1986 opgehef word.

(2 Junie 1989)

NOTICE 569 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

ERF 1858, PLETTENBERG BAY TOWNSHIP EXTENSION 5

It is hereby notified in terms of section 2 (1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly, has approved that conditions F1 and 2 in Deed of Transfer T38511/1988 be removed.

(2 June 1989)

KENNISGEWING 569 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

ERF 1858, PLETTENBERGBAAI-DORPSUITBREIDING 5

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2 (1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad, goedgekeur het dat voorwaardes F1 en 2 in Akte van Transport T38511/1988 opgehef word.

(2 Junie 1989)

NOTICE 570 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

ERF 9818, NAHOON VALLEY TOWNSHIP EXTENSION 2, EAST LONDON

It is hereby notified in terms of section 2 (1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly, has approved that conditions 2 (4) (b) and (c) in Deed of Transfer T1824/1980 be removed.

(2 June 1989)

NOTICE 571 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

REMAINDER OF ERF 150, VREDENDAL

It is hereby notified in terms of section 2 (1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly has approved that conditions E (a) and (c) in Deed of Transfer 7751/1969 be removed.

(2 June 1989)

NOTICE 572 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

ERVEN 7748 AND 7749, DENNEBURG TOWNSHIP, PAARL

It is hereby notified in terms of section 2 (1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly has approved that condition B (c) in Deed of Transfer T64951/1988 and condition B (c) in Deed of Transfer T64950/1988 be removed.

(2 June 1989)

NOTICE 573 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

ERF 906, DE KELDERS, DIVISIONAL COUNCIL OF CALEDON

It is hereby notified in terms of section 2 (1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly has approved that conditions E (c) and (e) in Deed of Transfer T19120/1988 be removed.

(2 June 1989)

KENNISGEWING 570 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

ERF 9818, NAHOON VALLEY-DORPSUITBREIDING 2, OOS-LONDEN

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2 (1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad, goedgekeur het dat voorwaardes 2 (4) (b) en (c) in Akte van Transport T1824/1980 opgehef word.

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 571 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

RESTANT VAN ERF 150, VREDENDAL

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2 (1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad goedgekeur het dat voorwaardes E (a) en (c) in Akte van Transport 7751/1969 opgehef word.

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 572 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

ERWE 7748 EN 7749, DORP DENNEBURG, PAARL

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2 (1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad goedgekeur het dat voorwaarde B (c) in Akte van Transport T64951/1988 en voorwaarde B (c) in Akte van Transport T64950/1988 opgehef word.

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 573 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

ERF 906, DE KELDERS, AFDELINGSRAAD VAN CALEDON

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2 (1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad goedgekeur het dat voorwaardes E (c) en (e) in Akte van Transport T19120/1988 opgehef word.

(2 Junie 1989)

NOTICE 574 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

ERF 4036, WALMER, PORT ELIZABETH

It is hereby notified in terms of section 2 (1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly has approved that condition B (6) (f) in Certificate of Consolidated Title T7686/1985 be removed.

(2 June 1989)

NOTICE 575 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING,AND WORKS

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

ERF 4064, TABLE VIEW, MILNERTON

It is hereby notified in terms of section 2 (1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly has approved that conditions (ii) A (b), (c), (d) and B (e) in Deed of Transfer T 43313/1981 be removed.

(2 June 1989)

NOTICE 576 OF 1989

SOUTH AFRICAN LAW COMMISSION

The South African Law Commission is conducting an investigation into the **acquisition and loss of ownership of game** and would like to receive, before 31 August 1989, reasoned suggestions in writing for the development, improvement, modernisation or reform of this facet of the law.

A working paper which contains the Commission's tentative proposals and may serve as background information may be obtained free of charge from the Commission on request.

The Commission's offices are on the Eighth Floor, Nederduits Gereformeerde Kerk Sinodale Sentrum, 228 Visagie Street, Pretoria. Correspondence should be addressed to:

The Secretary
South African Law Commission
Private Bag X668
0001 PRETORIA.

Inquiries: Mr J. H. Potgieter.

Telephone: (012) 322-6440.

24 May 1989.

(2 June 1989)

KENNISGEWING 574 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

ERF 4036, WALMER, PORT ELIZABETH

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2 (1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad goedgekeur het dat voorwaarde B (6) (f) in Sertifikaat van Verenigde Titel T7686/1985 opgehef word.

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 575 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

ERF 4064, TABLE VIEW, MILNERTON

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2 (1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad goedgekeur het dat voorwaardes (ii) A (b), (c), (d) en B (e) in Akte van Transport T43313/1981 opgehef word.

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 576 VAN 1989

SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie stel ondersoek in na die **verkryging en verlies van eiendomsreg van wild** en ontvang graag voor 31 Augustus 1989 gemotiveerde skriftelike voorstelle vir die ontwikkeling, verbetering, modernisering of hervorming van dié faset van die reg.

'n Werkstuk wat die Kommissie se tentatiewe voorstelle bevat en wat as agtergrondinligting kan dien, is op aanvraag gratis by die Kommissie verkrygbaar.

Die Kommissie se kantore is op die Agste Verdieping, Nederduits Gereformeerde Kerk Sinodale Sentrum, Visagiestraat 228, Pretoria. Korrespondensie moet asseblief gerig word aan:

Die Sekretaris
Suid-Afrikaanse Regskommissie
Privaatsak X668
0001 PRETORIA

Navrae: Mnr. J. H. Potgieter.

Telefoon: (012) 322-6440.

24 Mei 1989.

(2 Junie 1989)

NOTICE 577 OF 1989

CORRECTION NOTICE

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967)

It is hereby notified in terms of section 38 of the Townplanning and Townships Ordinance, 1965, that whereas an error occurred in Administrator's Notice 330, dated 15 March 1989, the correction of the notice has been approved by the substitution of the figures 188 for the figures 185.

(PB 4.14.2-1711-7)

(2 June 1989)

NOTICE 578 OF 1989

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

SECTION 12 (1) OF THE BANKS ACT, 1965

FINAL REGISTRATION—NBS BANK LIMITED

It is hereby notified for general information that NBS Bank Limited was finally registered as a bank on 23 May 1989.

(8/3/3/3/1)

(2 June 1989)

NOTICE 579 OF 1989

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS.—LIST 17/89

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board of Trade and Industry. Any objections to or comments on these representations must be submitted to the Board of Trade and Industry, Private Bag X753, Pretoria, 0001, within six weeks of the date of this notice.

Increase in the duty on:

Yarn of nylon or other polyamides, measuring per single yarn 1 000 dtex or more, not dyed, classifiable under tariff subheading 5402.32.30, from 15 per cent *ad valorem* to 30 per cent *ad valorem.*

[BTI Ref. T5/2/11/2/1 (890133)]

Applicant:

Natal Nylon Industries (Pty) Ltd, P.O. Box 411, Pietermaritzburg, 3200.

Reduction in the duty on:

Zinc concentrates, classifiable under tariff heading 260800, from 10 per cent *ad valorem* to free of duty.

[BTI Ref. T5/2/5/3/1 (890208)]

Applicant:

Zinc Corporation of South Africa Limited, P.O. Box 1167, Johannesburg, 2000.

Rebate of the duty (in Schedule 3) on:

Hexanol, classifiable under tariff subheading 2905.19.90 at 10 per cent *ad valorem,* for the manufacture of hexyl nitrate.

[BTI Ref. T5/2/6/2/1 (890027)]

Applicant:

Chemical Resources (Pty) Ltd, Private Bag X2, Modderfontein, 1645.

KENNISGEWING 577 VAN 1989

VERBETERINGSKENNISGEWING

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967)

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekendgemaak dat nademaal 'n fout in Administrateurskennisgewing 330, gedateer 15 Maart 1989, ontstaan het, is dit goedgekeur dat bogenoemde kennisgewing gewysig word deur die vervanging van die syfers 185 met die syfers 188.

(PB 4.14.2-1711-7)

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 578 VAN 1989

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

ARTIKEL 12 (1) VAN DIE BANKWET, 1965

FINALE REGISTRASIE—NBS BANK BEPERK

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat NBS Bank Beperk op 23 Mei 1989 finaal as 'n bank geregistreer is.

(8/3/3/3/1)

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 579 VAN 1989

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE.—LYS 17/89

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane- en Aksynstarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang. Enige beswaar teen of kommentaar op hierdie vertoë moet binne ses weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X753, Pretoria, 0001, gerig word.

Verhoging van die reg op:

Garing van nylon of ander poliamiede, met 'n lesing per enkelgaring van minstens 1 000 dtex, nie gekleur nie, indeelbaar by tariefsubpos 5402.32.30, van 15 persent *ad valorem* tot 30 persent *ad valorem.*

[RHN-verw. T5/2/11/2/1 (890133)]

Applikant:

Natal Nylon Industries (Pty) Ltd, Posbus 411, Pietermaritzburg, 3200.

Verlaging van die reg op:

Sinkkonsentrate, indeelbaar by tariefpos 260800, van 10 persent *ad valorem* tot vry van reg.

[RHN-verw. T5/2/5/3/1 (890208)]

Applikant:

Zinc Corporation van S.A. Beperk, Posbus 1167, Johannesburg, 2000.

Korting van die reg (in Bylae 3) op:

Heksanol, indeelbaar by tariefsubpos 2905.19.90 teen 10 persent *ad valorem,* vir die vervaardiging van heksielnitraat.

[RHN-verw. T5/2/6/2/1 (890027)]

Applikant:

Chemical Resources (Edms.) Bpk., Privaatsak X2, Modderfontein, 1645.

(Note: This application replaces the application with respect to hexyl nitrate which was published in List 6/89 under General Notice 183 in *Gazette* No. 11756 of 17 March 1989.)

List 16/89 was published under General Notice No. 537 of 26 May 1989.

(2 June 1989)

NOTICE 580 OF 1989

INVESTIGATION INTO THE RADIO/AUDIO/ VIDEO CASSETTE RECORDER INDUSTRY

It is hereby notified for general information that the Board of Trade and Industry intends to inquire into, to report upon, and to make such recommendations as it may consider necessary in respect of a development strategy for the above industries based on a revised tariff structure.

In order to achieve the specific investigation objectives, the relevant industry should—

- strive towards making a net positive contribution to the economy of the Customs Union area;
- be less dependent on overseas technology and licence agreements;
- maximise local content and, by implication, stimulate the local electronic component manufacturing industry; and
- be orientated towards exports.

Interested parties intending to make representations are requested to contact the Board of Trade and Industry (Mr G. Chisholm) as soon as possible regarding the form of their representations.

Representations should be made in writing to the Chief Executive officer, Board of Trade and Industry, Private Bag X753, Pretoria, 0001, and should be submitted within six weeks of the date of this notice.

(BTI Ref T5/2/16/3/2)

(2 June 1989)

NOTICE 581 OF 1989

INVESTIGATION OF AN ALLEGATION OF DUMPING OF PLYWOOD, VENEERED PANELS AND BLOCKBOARD IMPORTED OR ORIGINATING FROM ZIMBABWE

The Board of Trade and Industry has accepted a complaint by The Woodbased Panel Producers Association, Private Bag 34, Auckland Park, 2006, alleging that material injury, in the form of loss of market share, loss of sales revenue and potential loss of employment is being caused and is being threatened to the South African industry manufacturing plywood, veneered panels and blockboard, classifiable under tariff subheadings 4412.11.90, 4412.12.90 and 4412.19.90, by the export of like goods from Zimbabwe at f.o.b. prices which are alleged to be lower than the normal value of the goods on the domestic market of the country of export.

A provisional charge of 100 % *ad valorem* to antidumping was imposed on 12 May 1989.

(Opmerking: Hierdie aansoek vervang die aansoek met betrekking tot heksielnitraat wat in Lys 6/89 by Algemene Kennisgewing No. 183 in *Staatskoerant* No. 11756 van 17 Maart 1989 gepubliseer is.)

Lys 16/89 is by Algemene Kennisgewing No. 537 van 26 Mei 1989 gepubliseer.

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 580 VAN 1989

ONDERSOEK NA DIE RADIO-/OUDIO-/VIDEO-KASSETOPNEMERBEDRYF

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van Handel en Nywerheid van voorneme is om ondersoek in te stel na, verslag te doen oor en sodanige aanbevelings te doen as wat hy nodig ag in verband met 'n ontwikkelingstrategie vir bovermelde bedrywe, op 'n gewysigde tariefstruktuur gebaseer.

Ter bereiking van spesifieke ondersoekdoelwitte behoort die betrokke nywerheid—

- daarna te streef om 'n positiewe bydrae tot die ekonomie van die Doeane-uniegebied te lewer;
- minder afhanklik te wees van buitelandse tegnologie- en lisensiëringsooreenkomste;
- plaaslike inhoud te maksimaliseer en, by implikasie, die plaaslike elektroniese komponentebedryf aan te spoor; en
- uitvoergeoriënteerd te wees.

Belanghebbendes word versoek om, indien hul beplan om vertoë te rig, so spoedig moontlik met die Raad van Handel en Nywerheid (mnr. G. Chisholm) in verbinding te tree rakende 'n uiteensetting van hul vertoë.

Vertoë moet skriftelik gerig word aan die Hoof Uitvoerende Beampte, Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X753, Pretoria, 0001, en moet binne ses weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing ingedien word.

(RHN-verw. T5/2/16/3/2)

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 581 VAN 1989

ONDERSOEK NA BEWEERDE DUMPING VAN LAAGHOUT, FINEERPANELE EN BLOKKIESBORD INGEVOER OF AFKOMSTIG UIT ZIMBABWE

Die Raad van Handel en Nywerheid het 'n klag van The Woodbased Panel Producers Association, Privaatsak 34, Auckland Park, 2006, aanvaar waarin beweer word dat wesenlike skade in die vorm van verlies aan markaandeel, verlies aan inkomste uit verkope en potensiële verlies aan werkgeleenthede veroorsaak word of dreig om veroorsaak te word aan die Suid-Afrikaanse nywerheid wat laaghout, fineerpanele en blokkiesbord, indeelbaar by tariefsubposte 4412.11.90, 4412.12.90 en 4412.19.90, vervaardig, deur die uitvoer van soortgelyke goedere uit Zimbabwe teen v.a.b.-uitvoerpryse wat na bewering laer is as die normale waarde op die tuismark van die uitvoerland.

'n Voorlopige heffing van 100 % *ad valorem* tot antidumpingreg is op 12 Mei 1989 ingestel.

In order to assist the Board of Trade and Industry in its investigation of the allegation, interested parties are invited to forward written representations to The Chief Executive Officer, Board of Trade and Industry, Private Bag X753, Pretoria, 0001, within 21 days of the date of publication of this notice. Confidential information should be clearly identified. Parties submitting representations should take account of the fact that the Board is required to address the following issues in reaching a finding:

(i) Assessment of tentative normal values;

(ii) material injury caused by the alleged dumping;

(iii) the causal link between the alleged dumping and the injury; and

(iv) assessment of the national interest involved.

Final findings will be made on the basis of the best information available. Accordingly, it is in the interests of all parties concerned to respond as soon as possible.

Any inquiries should be directed to Mr J. M. van der Merwe at Telephone (012) 322-8244, extension 256.

[BTI Ref. T5/2/9/2/1 (890225)]

(2 June 1989)

NOTICE 582 OF 1989

INVESTIGATION OF AN ALLEGATION OF DUMPING OF PASTA IMPORTED OR ORIGINATING FROM ITALY

The Board of Trade and Industry has accepted a complaint by Fattis and Monis Company, P.O. Box 165, Isando, 1600, alleging that material injury, in the form of loss of market share, loss of sales revenue and potential loss of employment is being caused and is being threatened to the South African industry manufacturing pasta, classifiable under tariff subheading 1902.19 by the export at like goods from Italy at f.o.b. prices which are alleged to be lower than the normal value of the goods on the domestic market of the country of export.

A provisional charge of 100 % *ad valorem* to anti-dumping was imposed on 12 May 1989.

In order to assist the Board of Trade and Industry in its investigation of the allegation, interested parties are invited to forward written representations to The Chief Executive Officer, Board of Trade and Industry, Private Bag X753, Pretoria, 0001, within 21 days of the date of publication of this notice. Confidential information should be clearly identified. Parties submitting representations should take account of the fact that the Board is required to address the following issued in reaching a finding:

(i) Assessment of tentative normal values;

(ii) material injury caused by the alleged dumping;

(iii) the causal link between the alleged dumping and the injury; and

(iv) assessment of the national interest involved.

Final findings will be made on the basis of the best information available. Accordingly, it is in the interests of all parties concerned to respond as soon as possible.

Any inquiries should be directed to Mr J. C. Kunneke at Telephone (012) 322-8244, extension 260.

[BTI Ref. T5/2/2/3/1 (890224)]

(2 June 1989)

Ten einde die Raad van Handel en Nywerheid behulpsaam te wees met sy ondersoek na die bewering word belanghebbende instansies uitgenooi om skriftelik vertoë te rig tot Die Hoof Uitvoerende Beampte, Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X753, Pretoria, 0001, binne 21 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Vertroulike inligting moet duidelik gemerk wees. Vertoë moet daarmee rekening hou dat die Raad op die volgende aspekte moet ingaan ten einde tot 'n beslissing te geraak:

(i) Die bepaling van tentatiewe normale waardes;

(ii) wesenlike skade meegebring deur die beweerde dumping;

(iii) die oorsaaklike verband tussen die beweerde dumping en die skade; en

(iv) die bepaling van die nasionale belang wat betrokke is.

'n Finale bepaling sal aan die hand van die beste beskikbare inligting gemaak word. Dit is derhalwe in die belang van alle betrokke partye om so spoedig moontlik te reageer.

Enige navrae moet gerig word aan mnr. J. M. van der Merwe by Telefoon (012) 322-8244 bylyn 256.

[RHN-verw. T5/2/9/2/1 (890225)]

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 582 VAN 1989

ONDERSOEK NA BEWEERDE DUMPING VAN PASTA INGEVOER OF AFKOMSTIG UIT ITALIË

Die Raad van Handel en Nywerheid het 'n klag van Fattis en Monis Company, Posbus 165, Isando, 1600, aanvaar waarin beweer word dat wesenlike skade in die vorm van verlies aan markaandeel, verlies aan inkomste uit verkope en potensiële verlies aan werkgeleenthede veroorsaak word of dreig om veroorsaak te word aan die Suid-Afrikaanse nywerheid wat pasta, indeelbaar by tariefsubpos 1902.19, vervaardig, deur die uitvoer van soortgelyke goedere uit Italië teen v.a.b.-uitvoerpryse wat na bewering laer is as die normale waarde op die tuismark van die uitvoerland.

'n Voorlopige heffing van 100 % *ad valorem* tot anti-dumpingreg is op 12 Mei 1989 ingestel.

Ten einde die Raad van Handel en Nywerheid behulpsaam te wees met sy ondersoek na die bewering word belanghebbende instansies uitgenooi om skriftelike vertoë te rig tot Die Hoof Uitvoerende Beampte, Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X753, Pretoria, 0001, binne 21 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Vertroulike inligting moet duidelik gemerk wees. Vertoë moet daarmee rekening hou dat die Raad op die volgende aspekte moet ingaan ten einde tot 'n beslissing te geraak:

(i) Die bepaling van tentatiewe normale waardes;

(ii) wesenlike skade meegebring deur die beweerde dumping;

(iii) die oorsaaklike verband tussen die beweerde dumping en die skade; en

(iv) die bepaling van die nasionale belang wat betrokke is.

'n Finale bepaling sal aan die hand van die beste beskikbare inligting gemaak word. Dit is derhalwe in die belang van alle betrokke partye om so spoedig moontlik te reageer.

Enige navrae moet gerig word aan mnr. J. D. Kunneke by telefoon (012) 322-8244 bylyn 260.

[RHN-verw. T5/2/2/3/1 (890224)]

(2 Junie 1989)

NOTICE 583 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

CORRECTION NOTICE

It hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that whereas an error occurred in Administrator's Notice 50, dated 18 January 1989, the Minister of Local Government, Housing and Works: House of Assembly has approved the correction of the notice by the substitution of the words "section 36 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance" for the words "section 45 (2) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986".

(PB 4-9-2H-1871)

(2 June 1989)

NOTICE 584 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

SANDTON AMENDMENT SCHEME 1055

It is hereby notified in terms of section 45 (2) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly has approved the amendment of Sandton Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of Erf 178, Edenburg, to "Business 4" with an increased bulk of 0,5 and the Remaining Extent of Erf 180, Edenburg, to "Special" for a public garage; both subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly, Pretoria, and the Town Clerk, Sandton, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 1055.

(PB 4-9-2-116H-1055)

(2 June 1989)

NOTICE 585 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

ERF 581, TOWNSHIP OF WATERKLOOF

It is hereby notified in terms of section 2 (1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly has approved that condition (a) in Deed of Transfer T35670/1988 be altered to read as follows: "The sale of all wines, malt or spirituous liquor is prohibited on the said lot".

(PB 4-14-2-1404-257)

(2 June 1989)

KENNISGEWING 583 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

VERBETERINGSKENNISGEWING

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekendgemaak dat nademaal 'n fout in Administrateurskennisgewing 50, gedateer 18 Januarie 1989, ontstaan het, het die Minister van die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke: Volksraad goedgekeur het dat bogenoemde kennisgewing word deur vervanging van die woorde "artikel 45 (2) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986" met die woorde "artikel 36 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe".

(PB 4-9-2-2H-1871)

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 584 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

SANDTON-WYSIGINGSKEMA 1055

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 45 (2) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad goedgekeur het dat Sandton-dorpsbeplanningskema, 1980, gewysig word deur die hersonering van Erf 178, Edenburg, tot "Besigheid 4" met 'n vergrote omvang van 0,5 en die Resterende Gedeelte van Erf 180, Edenburg, tot "Spesiaal" vir 'n openbare garage; albei onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad, Pretoria, en die Stadsklerk, Sandton, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton-wysigingskema 1055.

(PB 4-9-2-116H-1055)

(2 Junie 1989)

KENNISGEWING 585 VAN 1989

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

ERF 581, DORP WATERKLOOF

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2 (1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekendgemaak dat die Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising: Volksraad goedgekeur het dat voorwaarde (a) in Akte van Transport T35670/1988 gewysig word om soos volg te lees: "The sale of all wines, malt or spirituous liquor is prohibited on the said lot".

(PB 4-14-2-1404-257)

(2 Junie 1989)

NOTICE 586 OF 1989

CORRECTION NOTICE

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 736

It is hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that whereas an error occurred in Pretoria Amendment Scheme 736 the Minister of Local Government and Housing: House of Assembly has approved the correction of the Scheme by the replacement of the approved Map 3 with an amended approved Map 3.

(PB 4-9-2-3H-736)

(2 June 1989)

NOTICE 587 OF 1989

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

ERVEN 311–315, TOWNSHIP OF MAQUASSI

It is hereby notified in terms of section 2 (1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Minister of Local Government, Housing and Works, House of Assembly has approved that the condition:

"Die hierby toegekende perseel sal verder onderworpe wees aan die voorwaarde dat dit uitsluitlik vir kerkdoeleindes gebruik sal word" in paragraaf II, III, IV en VI in Crown Giant 158/1935, be altered to read as follows:

"Die hierby toegekende perseel mag slegs vir woondoeleindes gebruik word en nie meer as een woonhuis met die nodige buitegeboue mag op die erf opgerig word."

(PB 4-14-2-483-1)

(2 June 1989)

NOTICE 588 OF 1989

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

It is hereby notified in terms of section 3 (6) of the above-mentioned Act that the applications mentioned in the Schedule have been received by the Head of the Department of Local Government, Housing and Works and are open for inspection at the 12th Floor, Merino Building, Pretorius Street, Pretoria, and at the offices of the relevant local authority.

Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Head of the Department of Local Government, Housing and Works at the above address or Private Bag X340, Pretoria, on or before 30 June 1989.

SCHEDULE

SAPLASTIKOR (PROPRIETARY) LIMITED for—

(1) the removal of the conditions of title of Remaining Extent of Erf 876, Pretoria North Township, in order to permit the erf being used for commercial purposes;

